JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 17 27 Mei – 3 Junie 2022

RUGBY en NETBAL

Die O/7 rugby pienkvoete neem Vrydag, 27 Mei deel aan die McDonaldsdag by Newton. Baie sterkte aan hierdie seuntjies. (Program aangeheg)

Die O/13A netbalspan het Donderdag, 26 Mei aan die Xhariep netbaldag in Bloemfontein gaan deelneem. Ons span het gewen 13-5. Hulle gaan nou deur na die Vrystaatdag wat op 16 en 17 Junie gehou word. Plek moet nog bevestig word. Ons is baie trots op hierdie 8 dogters van ons wat nou as die wenners van die Xhariep distrik aangewys is.

Woensdag, 1 Junie gaan Orania se Gemmies Akademie teen ons kom 7's rugby speel. Die O/11 B netbalspan gaan teen hulle speel. Dit is 'n lekker vriendskaplike wedstryd en iets heel nuut vir ons seuns om bietjie 7's te kan speel. Die wedstryde sal om 16:30 begin. Kom ondersteun asseblief ons kinders.

LANDLOOP

Ons landloop atlete neem aan 'n liga in Bloemfontein deel op Vrydag, 3 Junie. Die bussie sal om 12:00 vertrek vanaf die skool en die leerders kan met sportdrag skool toe kom.

FOTODAG

Onthou dit is Maandag, 30 Mei fotodag. Leerders moet asseblief in die korrekte wintersdrag skool toe kom en seker maak hul hare is netjies. Hulle klere moet ook asseblief duidelik gemerk wees.

KOOROUDISIES

Daar sal volgende week kooroudisies vir Gr.4-7 leerders in die skoolsaal plaasvind.

Datum: Donderdag, 2 Junie 2022

Tyd: 14h15

VIRTUELE PLANETARIUM

Net 'n herinnering dat VR Education Unlimited 'n virtuele planetarium by ons skool kom aanbied op 9 Junie 2022. Dit neem u kind deur 'n privaat toer van die sonnestelsel. Kyk gerus op hulle facebook blad vir meer inligting. Koste beloop R50 en u kind kan sy/haar geld by die klasonderwyser inbetaal. Afskeurstrokies is alreeds aan leerders uitgedeel.

KOEKIEVERKOPING

Die Graad 4 klas hou 'n koekieverkoping op Donderdag, 2 Junie en leerders word aangemoedig om 'n geldjie skool toe te bring ter ondersteuning van die Graad 4's.

WINTERSDRAG

Volgende week gaan 'n koue week wees. Ouers moet asseblief toesien dat hulle kinders warm aantrek. Volgens die verskaffers, sal die dasse volgende week beskikbaar wees.

.....

P.W. TAIT

SKOOLHOOF

GEBEDSLYSIE:

Caylum Adams (Ouma oorlede)
Schalk Meintjes (Ouma oorlede)
Louis-Harm Fourie (Operasie)

Die veilige bewaring van ons personeel, kinders en ouers

Bemoedigende Boodskap:

McDonaldsdag Rugby Program 2022

A – Veld			
Tyd	**Baan A (o/8)**	**Baan B (o/7)**	**Baan C (o/7)**
14:00-14:20	Staats A vs Douglas A	Staats A vs Seodin A	Jacobsdal A vs Staats B
14:20-14:40	Eureka A vs Hopetown A	Eureka A vs Douglas A	NPS B vs Eureka B
14:40-15:00	NPS B vs Staats B	NPS A vs Hopetown A	NPS C vs Seodin B
15:00- 15:20	Eureka B vs NPS A	Eureka A vs Seodin A	Jacobsdal A vs NPS B
15:20-15:40	Douglas A vs Hopetown A	NPS A vs Douglas A	Staats B vs Eureka B
15:40-16:00	Staats A vs NPS A	NPS C vs Staats A	Hopetown A vs Seodin B
16:00-16:20	NPS B vs Eureka A	Jacobsdal A vs Seodin A	NPS A vs Staats B
16:20-16:40	Staats B vs Eureka B	NPS B vs Eureka A	Hopetown A vs NPS C
16:40-17:00	Hopetown A vs NPS B	Staats A vs Douglas A	Eureka B vs Seodin B
17:00-17:20	Staats A vs Eureka A		
17:20-17:40	Douglas A vs Eureka B		
17:40-18:00	Staats B vs NPS A		

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VAKATURE BESKIKBAAR

LEERKRAG: (Posvlak 1) BEHEERLIGGAAM

AANSTELLING

POSBENAMING: Remediërende Onderrig

MINIMUM VEREISTES: Bypassende Onderwyskwalifikasie

VAKKE: Remediëring Gr.R-7

AANBEVELINGS: Goed tweetalig. Rekenaarvaardig.
Vermoë om opdragte doeltreffend en stiptelik uit te voer.
Goeie organisasie en beplanning.
Goeie en aanvaarbare waardes.
Sport en Kultuur vaardighede.
Geen kriminele rekord.
Ondervinding gaan in u guns tel!

KONTRAK: Jaarliks hernu

DIENSAANVAARDING: 19 Julie 2022

SALARISPAKKET: R11 500,00 per maand
(Geen ander voordele)

HANDIG DIE VOLGENDE IN, OF EPOS NA admin@jakkies.com

Aansoekbrief en Volledige CV

Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies en ID dokument

Sluitingsdatum: Vrydag, 10 Junie 2022 om 08h00

NAVRAE:

Skoolhoof, mnr PW Tait by: skoolhoof@jakkies.com

Tel: 053 0505986

Indien u nie binne een week, na sluiting van die aansoeke, iets van ons gehoor het nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.